# TERUG, EN VORENTOE
# DEUR DIE REKTOR

191. A. 1 (54)

Ek kyk terug. En dit pas my, want my uittreetyd nader.

Sedert 1924 is ek aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde: Student, 1924-1930; Lektor, 1931-1935; Senior Lektor, 1936; Professor, 1937-1953; Rektor, 1954-1969. - "Akademies" heeltemal iets (vergeef my as dit klink na spog, maar ek kan seker nou maar 'n bietjie); maar "histories" ook nie te versmaai nie, en hiermee sal ek seker darem ook 'n klompie bygrypende bewonderaars op Stellenbosch wen!

'n Geweldige ontwikkeling van die Universiteit ontvou hom voor ons oog: baie nuwe studierigtinge het bygekom, die studentetal het - veral in die afgelope dekade - enorm gegroei, en die Universiteit het 'n veel groter krag in die geestelike en die ekonomiese lewe van Suid-Afrika geword. Ons is dankbaar. Ons verhef ons nie in eiewaan nie, maar ons is dankbaar omdat die geleentheid ons gegun is - en nog gegun word - om ons eie volk, en inderdaad ons hele land en ál sy wense, so ruimskoots te dien. So 'n geleentheid is 'n voorreg; hy wat dit nie met albei hande aangryp nie, maak hom aan pligsversuim skuldig.

Maar dit kom nie sommer alles vanself nie. En hieroor hoef 'n mens jou nie te verbaas nie. Want daar is in die lewe niks wat werklik die moeite werd is, wat sommer vanself kom nie. Vir die dinamiese groei van ons Universiteit moes daar hard gewerk word: sorgvuldige, langdurige beplanning was nodig; moeitevol en volhardend moes fondse gevind word; versigtig en geduldig moes meningsverskille en teenstand uit die weg geruim word; doelgerig en koersvas moes die eerste wankelskredes van nuwe dinge opgevolg word; onverdrote en manmoedig moes ook teleurstellings te bowe gekom word. So is daar gewerk, hard gewerk, sodat Stellenbosch, naas bv. onderwysers, staatsamptenare, skrywers, advokate en prokureurs, ook bv. sakeleiers, ingenieurs, bosboukundiges, kernfisici, geneeshere en militêre leiers kon lewer. En so word daar tans ook hard gewerk, sodat Stellenbosch binne afsienbare tyd ook sy eerste tandheelkundiges sal kan oplewer. Dit is groot dinge hierdie. Die welslae wat behaal is, vervul ons met dankbaarheid; die arbeid en moeite en kwellings is dubbel en dwars beloon.

Ek kyk terug - veral gedurende die jare van my rektorskap - op 'n tydperk van belangwekkende, stimulerende samewerking met die studentegemeenskap en meer bepaald die studenteleiers. Toe ek die rektorskap aanvaar het, het ons 'n

stormagtige/.........

stormagtige tyd belewe: 'n groep studente het in heftige verset teen die universiteitsowerheid gekom en daar moes, terwille van die goeie naam van ons Universiteit, ferm en beslis opgetree word. Dit was 'n pynlike taak, maar ons het dit met beslistheid uitgevoer, en, wat 'n vernederende, blywende knou vir ons Universiteit kon gewees het, het 'n verbygaande insident geword waaruit ons almal - universiteitsowerheid, studente-owerheid, dosente en studente - lesse van onskatbare waarde geleer het. Met opregte waardering dink ek terug aan die spontane, welléwende, positiewe samewerking wat ek in dié moeilike tyd van ons studenteleiers en die oorgrote meerderheid van ons studente ontvang het.

Ek kan nie nalaat nie om met diepe dankbaarheid te beklemtoon die hartlike gesindheid en wel-oorwoë medewerking wat ek in die jongste paar jaar van studentekant geniet het. Ons het groot dinge saam gedoen - bv. in verband met die gees en dissipline van ons studentegemeenskap, die skepping van studie- en sportfasiliteite vir ons studente - en ons is tans besig om ander grootse planne hulle finale beslag te gee, soos die lang verwagte Studentesentrum en die Langenhoven-gedenksaal. Dit is betekenisvolle dinge; en daar is by baie 'n groot mate van ongeduld omdat hierdie twee projekte nog nie ten uitvoer gebring is nie.

Ek kan dit verstaan, en ek neem die ongeduldiges ook nie kwalik nie. Immers, hulle is ongeduldig oor goeie sake. Maar dít moet ons weet: met hierdie lang gekoesterde ideale kan ons nie, en mag ons nie, halsoorkop te werk gaan nie. Geskikte persele is in hierdie verband 'n eerste vereiste en, soos bekend is, het ons 'n paar jaar lank vrugteloos met ons Stadsraad hieroor onderhandel. Eindelik moes ons op eie kragte en eie persele terugval, en ons het 'n oplossing gevind wat goed behoort te beantwoord, al eis dit ook groot offers van die Universiteit wat sy beskikbare persele aangaan. Maar ons weet nou wat ons <u>wil</u> doen; ons weet wat ons <u>kan</u> doen - en ons weet ook dat ons dit <u>gaan</u> doen.

Laat ek dit baie duidelik stel: ek waardeer opregte belangstelling en hartlike samewerking van die studente ten seerste, maar dit beteken nog glad nie dat ek verwag dat alle studente in alles presies soos ek moet dink, en dat daar nooit meningsverskil moet wees nie. (As dit moes gebeur, sou dit) ~~Dit sou~~ seker gawe dissipline wees, maar terselfdertyd dissipline van die graf! En ek glo stellig dat ons teen 'n stagnante dissipline van die graf moet waak, net soos ons teen onverantwoordelike bandeloosheid waak. Ons moet egter altyd voldoen aan één groot, noodsaaklike

voorwaarde/........

voorwaarde, nl. dat dit ons waarlik erns sal wees met die hoogste belange van ons Universiteit, en met die hoogste ideale van ons volk en ons land soos dit in ons Universiteit uitdrukking vind.

Maar ek kyk ook vorentoe. En ons moet almal ook vorentoe kyk. Want - soos Leopold von Ranke, pool-ster van die negentiende-eeuse Duitse geskiedskrywing gesê het - enigiets wat tot stilstand gekom het, enigiets wat nie beweeg en groei nie, is gedoem tot die dood. Dit is 'n treffende waarheid, en dit geld insonderheid vir die dinge van die gees, dié dinge wat per slot van rekening van veel groter en blywender betekenis is as die konkrete dinge wat ons om ons heen met die oog kan sien en met die hand kan tas.

Stellenbosch sal in die toekoms - net soos in die verlede - doelgerigte, dinamiese groei moet hê. Hiertoe sal elkeen gewilliglik sy deel moet bydra: universiteitsowerheid en dosente, studente-owerheid en studente. Ook in die toekoms sal dit nie vanself kom nie; daar sal hard gewerk moet word, en elkeen sal bereid moet wees om sy besondere deel van die verantwoordelikheid te dra.

Stellenbosch lê geografies naby die suidpunt van ons uitgestrekte Republiek, en vir die oppervlakkige waarnemer mag dit ~~na 'n mate van isolasie lyk~~ lyk of ons in 'n sekere mate geïsoleerd van die res van ons land lê. Maar daar is vandag nie meer soiets soos isolasie nie, veral nie geestelike isolasie nie. Immers, wie sal beweer dat Londen, wat in die Britse Eilande vér suid-oos lê, geisoleerd is van die Britse volk? of Ottawa van Kanada? of Stockholm van Swede? of Lissabon van Portugal?

Stellenbosch sal in die toekoms nog steeds reg in die middel van ons nasionale lewe, veral die Afrikaner-volkslewe, moet leef en werk. Trouens, in die toekoms gaan dit selfs nog meer as in die verlede moontlik wees, want verkeersweë en verkeersmiddele en nuusmedia is besig om in ons eie land, soos inderdaad oor die hele wêreld, isolasie - by name geestelike isolasie - te vernietig.

Ons sal egter baie goed moet onthou dat die nuwe Suid-Afrika, wat veral met die Republiek van Suid-Afrika ontstaan het, nie meer die Suid-Afrika van vroeër is nie. Dit sal nie vir ons baat om te maak asof massale stralerlugverkeer nie bestaan nie, asof wêreldradiodienste, wêreldwye televisiedienste, wêreldwye spionasienetwerke, georganiseerde internasionale aanvalle op ons land, infiltrasie in die binnekringe van Afrikaners en Engelssprekende Suid-Afrikaners, en die opkoms van volkryke nie-blanke state op ons eie kontinent en elders, nie werklikheid geword het nie. Ons sal hierdie dinge as harde

feite/............

feite onder die oë moet sien; as ons dit nie doen nie, sal ons in 'n volslae valse waan van veiligheid verkeer, en miskien self die voorspel tot ons eie ondergang bewerk - onnosel soos die volstruis wat sy kop onder die sand steek en hom veilig ag, omdat hy nie sien wat om hom aangaan nie!

Daar is vir ons maar net één weg om te volg. Ons sal onwrikbaar vas moet bly staan op die beproefde beginsels van ons geskiedenis: ons godsdiens, ons demokratiese bestuurstelsel, ons waardering van die onderwys, ons respek vir wet en orde, ons liefde vir ons volk en vaderland en taal. Maar ons sal met veranderde tye en omstandighede moet rekening hou, ons sal weë moet vind om te verseker dat rus en vrede en orde onder mense van verskillende tale en kleure bestaanbaar sal wees. As ons dit nie regkry nie - en laat daar geen twyfel oor wees nie - sal ons as burgers van Suid-Afrika misluk het, want Suid-Afrika is nou eenmaal 'n veeltalige, veelrassige land, en hierdie feit moet elkeen van ons vandag aanvaar. Ons sal moet regkry wat 'n geleerde skrywer van Calvyn gesê het: As reformator het hy die meeste ontwikkeling getoon, maar die minste verandering.

Die Universiteit van Stellenbosch sal moet help om die manne en die vroue vir ons land van die toekoms te lewer: manne en vroue met 'n skerp, ontwikkelde verstand, maar ook manne en vroue van karakter; manne en vroue wat vir hulleself kan dink en tot die waarheid kan deurdring, maar ook manne en vroue wat kan onderskei tussen die goeie en die kwade, en op wie Suid-Afrika kan reken om end-uit hulle plig te doen.

Ek dank Die Matie vir die ruimte wat aan my gegun is. As iemand wat jarelank self student op Stellenbosch was, en ook as dosent en as Rektor, het ek die studente van Stellenbosch goed leer ken. Ek het volle vertroue in hulle. - Kyk terug, let op waar u vandaan kom; kyk vorentoe, en u sal beter verstaan waarheen u gaan.

H.B. THOM

Stellenbosch,
Julie 1969.